

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Die
Gereformeerde
Geloof

Deur

Lorraine Boettner

In Afrikaans vertaal deur
Willem Swanepoel

Inhoud

<u>Voorwoord.....</u>	<u>4</u>
<u>Die Soewereiniteit van God.....</u>	<u>5</u>
<u>Die Mens se Algehele Hulpelose Toestand.....</u>	<u>7</u>
<u>Christus se Versoening.....</u>	<u>11</u>
<u>God se Voorkennis.....</u>	<u>14</u>
<u>Universalistiese Skrifgedeeltes.....</u>	<u>15</u>
<u>Die Twee Stelsels Vergelyk.....</u>	<u>18</u>

Voorwoord

Hierdie boekie is oorspronklik uitgegee deur die Presbyterian and Reformed Publishing Co. as "The Reformed Faith". Dit kontrasteer die Calvinisme met die Arminianisme.

Die skrywer, dr. Loraine Boettner, is gebore op 'n plaas in noordwes Missouri. Hy gradueer aan die Princeton Theological Seminary waar hy studeer het onder wyle C.W. Hodge.

Vertaal deur: Willem Swanepoel
Posbus 254
RANT EN DAL
1751

Tel: (011) 660-8198

Sel: 079-190-1111

Die vertaalde boekie is ook in druk beskikbaar by:

Woordverspreiding
Posbus 28028
Sonlandpark
1944
Tel: (016) 29-1923 of (016) 429-1923

Die Soewereiniteit van God

Die doel van hierdie boekie is om die verskille tussen Arminianisme en Calvinisme in eenvoudige en verstaanbare taal uiteen te sit. Dit wil ook wys wat die Bybel oor die onderwerpe leer. Die verskillende leerstellings van die Christelike geloof is so ineengewef dat 'n fout met betrekking tot enige een van hulle 'n mindere of meerdere mate van verwringing tot gevolg het in al die ander.

Daar is in wese net twee godsdienstige gedagterigtings: Daar is die godsdienst van geloof en daar is die godsdienst van werke. Ons glo dat dit wat oor die jare in die kerkgeskiedenis bekend geword het as Calvinisme die suiwerste en mees konsekwente formulering van die godsdienst van geloof is. Daarenteen is dit wat bekend staan as Arminianisme gevaarlik afgewater deur die godsdienst van werke. Daarom is dit 'n inkonsekwente en onbestendige vorm van die Christelike godsdienst. Met ander woorde, ons glo dat die Christelike geloof ten volle en op sy suiwerste tot uitdrukking kom in die Gereformeerde Geloof.

Die merkwaardig duidelike kontras tussen hierdie twee godsdienstige denkrigtings het vroeg in die vyfde eeu sigbaar geword in die konflik tussen die twee vyfde-eeuse teoloë Augustinus en Pelagius. Augustinus het mense heengewys na God as die bron van alle geestelike wysheid en krag, terwyl Pelagius die mens teruggewerp het op homself. Hy het gesê dat hulle uit eie krag in staat is om alles te doen wat God beveel het, anders sou Hy dit nooit beveel het nie. Ons glo dat Arminianisme 'n kompromie tussen hierdie twee denkrigtings is. In sy meer evangeliese vorm, soos byvoorbeeld vroeë Wesleyanisme, kom dit naby aan die godsdienst van geloof, maar dit bevat nogtans ernstige foute.

Ons lewe in 'n tyd waar so te sê alle gevestigde kerke van binne aangeval word deur ongeloof. Baie van hulle het ook reeds geswig. En byna sonder uitsondering vind 'n insinking plaas vanaf Calvinisme na Arminianisme, vanaf Arminianisme na Liberalisme en daarna na Unitarisme. Die geskiedenis van Liberalisme en Unitarisme wys ook dat hulle verval in 'n sosiale evangelie wat te swak is om homself te handhaaf. Ons is daarvan oortuig dat die toekoms van die Christendom gebonde is aan die teologiese stelsel wat histories as Calvinisme bekend geword het. Waar die Godgesentreerde beginsels van die Calvinisme oorboord gegooi is, is daar 'n sterk afwaartse neiging na die dieptes van mens-gesentreerde naturalisme en sekularisme. Sommiges sê, en ons glo hulle is reg, dat daar geen konsekwente stilhouplek tussen die Calvinisme en Ateïsme is nie.

Die basiese beginsel van die Calvinisme is die soewereiniteit van God. Dit beeld die doel van die drie-enige God uit as absoluut en onvoorwaardelik, onafhanklik van die hele eindige skepping en met sy oorsprong in die ewige Raadsbesluit van God. Hy bepaal die gang van die natuur, sowel as die geskiedenis, tot in die fynste besonderhede. Sy geboorte is dus ewig, onveranderlik, heilig, wys en soewerein. Hulle word in die Bybel voorgestel as synde die basis van die Goddelike voorkennis van alle toekomstige gebeure en word nie deur daardie voorkennis of deur enigiets wat voortspruit uit die gebeure self, bepaal nie.

Elke denkende persoon sien geredelik in dat een of ander soewereine wese sy lewe beheer. Hy is nie gevra of hy wou bestaan of nie; wanneer, as wat, of waar hy gebore sou word nie; of dit in die twintigste eeu of voor die vloed moes wees nie; of hy manlik of vroulik, wit of swart moes wees nie; in die VSA, China of Afrika nie. Al hierdie dinge is op soewereine wyse vir hom besluit nog voordat hy bestaan het. Christene het deur al die eeue God erken as Skepper en Heerser van die wêreld, en dat Hy as sodanig die finale bron van alle krag in die wêreld is. Daarom kan niks tot stand kom sonder sy soewereine Wil nie. Anders sou Hy nie waarlik GOD wees nie. As ons 'n wyle by hierdie waarheid stilstaan, vind ons dat dit oorwegings bevat wat die Calvinisme bevestig en die Arminianisme verkeerd bewys.

Omdat God alles wat bestaan geskep het, is Hy die absolute Eenaar van, en finale Beskikker oor alles wat Hy gemaak het. Hy oefen nie maar net 'n algemene invloed uit

nie, maar heers werklik oor die doen en late van mense (Handelinge 4:24-28). Selfs die nasies is vir Hom soos 'n stoffie op 'n skaal in vergelyking met Sy grootheid (Jesaja 40:12-17). Te midde van al die oënskynlike neerlae en teenstrydighede van ons menslike lewens, beheer God werklik alle dinge in onversteurde majesteit. Selfs die mens se sondige handeling kan slegs gebeur met sy toestemming en met die krag wat Hy sy skepsel gee. Aangesien Hy gewillig, en nie onwillig nie, toelaat, moet alles wat gebeur - insluitend ons sondige dade en die mens se uiteindelijke lot - in die een of ander sin in ooreenstemming wees met wat Hy in die ewigheid bepaal en beveel het. In verhouding met die mate waartoe dit ontken word, word God uitgesluit uit die regering van die wêreld, en het ons slegs 'n eindige God. Natuurlik ontstaan daar sekere probleme wat ons met ons huidige kennis nie volledig kan verklaar nie. Dit is egter nie 'n voldoende rede om dit wat deur die Skrif en die duidelike voorskrifte van die rede bevestig word, te verwerp nie.

Sal ons dan nie glo dat God 'n sondaar tot bekering kan bring wanneer dit Hom behaag nie? Kan die Almagtige, die alvermoënde Heerser van hemel en aarde, dan nie die karakter van die skepsels wat Hy gemaak het verander nie? Hy het die water in wyn verander in Kana en Saulus op die pad na Damaskus bekeer. Die melaatsheid het gesê: "Here, as U wil, kan U my reinig." (Matteus 8:2), en sy melaatsheid is met die spreek van enkele woorde genees! Laat ons nie soos die Arminiane glo dat God nie die mens se wil kan beheer nie, of dat Hy nie 'n siel kan vernuwe wanneer dit Hom behaag nie. Hy is in staat om die siel te reinig net soos die liggaam. Indien Hy wou kon Hy so 'n vloedgolf van predikers, sendelinge en verskillende soorte werkers laat ontstaan en so deur sy Heilige Gees werk dat die hele wêreld in 'n kort tydjie tot bekering sal kom. As dit sy doel was om alle mense te red kon Hy 'n menigte engele gestuur het met die opdrag om bonatuurlike dade op die aarde te verrig. Hy kon so wonderlik in elke persoon se hart gewerk het dat geneene verlore sou gaan nie.

Aangesien boosheid net met sy toestemming bestaan, kon Hy dit totaal vernietig het as Hy wou. Sy mag in hierdie opsig is byvoorbeeld bewys deur die werk van die doodsendel wat in een nag al die eersgeborenes van die Egiptenare doodgemaak het (Eksodus 12:29), en op 'n ander aand 185000 man van die Assiriese leër doodgemaak het (2 Konings 19:35). Dit is bewys toe die aarde oopgegaan het en Karag en sy rebelse trawante ingesluk het (Numeri 16:31-35). Koning Herodes is getref en het 'n aaklige dood gesterf (Handelinge 12:23). In Daniël 4:34-35 lees ons dat aan die Allerhoogste se "heerskappy 'n ewige mag en wie se koningskap van geslag tot geslag is. En al die aardbewoners word as niks geag nie, en na sy wil handel Hy met die leër van die hemel en die bewoners van die aarde, en daar is niemand wat sy hand kan afslaan en vir Hom kan sê: Wat doen U nie?"

Dit alles beklemtoon die basiese beginsel van die Gereformeerde Geloof - die soewereiniteit van God. God het hierdie wêreld, waarin ons onself bevind, geskape. Dit is sy eiendom en Hy regeer daarvoor volgens sy eie soewereine welbehae. God het niks van sy mag verloor nie en dit is lasterlik om te beweer dat Hy maar aansukkel met die menslike geslag, en dat Hy maar sy bes doen om hulle te oorreed om reg te doen, maar dat Hy nie in staat is om sy ewige, onveranderlike, heilige, wyse en soewereine doel te bereik nie.

Enige stelsel wat leer dat die ernstige bedoelinge van God in sekere gevalle verydel kan word en dat die mens, wat nie net 'n skepsel is nie, maar boonop 'n sondige skepsel, vetoreg oor die almagtige God se planne kan uitoefen, is in skrilte kontras met die Bybelse gedagte van sy onmeetlike heerlikheid waardeur Hy verhewe is bo alle menslike swakhede. Dat die mens se planne nie altyd tot uitvoer gebring word nie is as gevolg van 'n tekort aan krag, 'n tekort aan wysheid, of albei. Maar omdat God onbeperk is in albei van hulle, asook in enige ander bronne, kan onvoorsiene noodgevallen nooit ontstaan nie. Vir Hom bestaan daar geen redes vir verandering nie. Om aan te neem dat sy plan misluk en dat Hy tevergeefs strew, is om Hom te verlaag tot die vlak van sy skepsels, en Hom te maak tot geen God nie.

Die Mens se Algehele Hulpelose Toestand

Wanneer ons die werke van verskeie Arminiaanse skrywers lees, blyk dit dat hul eerste, en miskien ernstigste, fout is dat hulle te min klem lê op die mens se sondige rebellie teen God en die geestelike verwydering van die menslike geslag van God wat plaasgevind het met die val van Adam. Sommiges verwaarloos dit geheel en al terwyl ander dit beskou as 'n veraf gebeurtenis wat weinig invloed op die mens se lewe vandag het. Maar tensy ons aandring op die realiteit van hierdie geestelike verwydering van God en die totale rampspoedige effek wat dit op die hele menslike geslag het, sal ons nooit ons ware toestand of ons wanhopige behoefte aan 'n Verlosser na behore besef nie.

Miskien sal dit ons help om die mens se gevalle toestand beter te verstaan as ons dit vergelyk met dié van die gevalle engele. Engele is voor die mens geskape en elke engel is afsonderlik aan 'n toets onderwerp as 'n individuele, persoonlike, morele wese. Skynbaar was hierdie 'n suiwere toets van gehoorsaamheid, net soos dié van Adam. Sommige engele het, weens redes net aan God bekend, die toets deurstaan. Hulle is as gevolg hiervan bevestig in 'n ewige toestand van engele-heiligheid en is nou die uitverkore engele in die hemel. (1 Timoteus 5:21). Ander het egter geval en is nou die duiwels waarvan ons in die Skrif lees, met satan skynbaar die hoogste in rangorde onder hulle.

In Judas lees ons: "... die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar" (vers 6). Ook in 2 Petrus 2:4 sien ons dat God selfs die "nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word". Satan en die duiwels is totaal vervreemd van God, totaal oorgegee aan sonde en sonder enige hoop op verlossing. Hulle lot word deur Christus beskryf as om gegooi te word in "die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele." (Matteus 25:41).

Daar is geen verlossing vir gevalle engele nie. Die skrywer van die brief aan die Hebreërs sê: "Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom." (2:16). Hulle uiteinde is vasgestel en seker. Vir die mens en vir die engele is eindelose straf die loon as hulle eindeloos sondig teen God. Sommige mense beweer dat God onregverdig is om iemand eindeloos te straf vir sondes wat net in hierdie lewe gepleeg is, maar verlore mense en verlore engele of duiwels rebelleer eindeloos teen God en hulle ontvang eindelose straf daarvoor.

God het egter die mens as 'n morele wese geskep. Hy het volgens 'n ander plan opgetree as met die engele. In stede daarvan om almal gelyktydig te skep en elkeen afsonderlik te toets, het Hy een mens geskep met 'n fisiese liggaam. Van hierdie een mens sou die hele mensdom afstam. Hierdie mens, as gevolg van sy verbondenheid met diegene wat na hom sou kom, kon die hele menslike geslag verteenwoordig as wettige- of verbondshoof. Indien hy die toets kon deurstaan sou hy en sy hele nageslag, sy kinders, in heiligheid bevestig word en in 'n ewige salige toestand lewe, net soos die heilige engele. Sou hy egter val, net soos die ander engele, sou hy en sy nageslag onderwerp word aan ewige straf. Dit is asof God gesê het: "As die sonde dan hierdie keer kom, laat dit dan deur een mens kom, sodat die verlossing ook deur een mens gegee kan word."

Daarom is Adam in sy hoedanigheid as verteenwoordiger, onderwerp aan 'n toets van blote menslike gehoorsaamheid. Die straf vir ongehoorsaamheid was duidelik aan hom gestel: "En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe." (Genesis 2:16-17). Daarom is die duidelik uitgespelde straf vir die sonde - die dood - presies dieselfde straf as wat die gevalle engele opgelê is. Soos met die engele was dit net 'n toets om te bepaal of die mens 'n gehoorsame en dankbare onderdaan in die koninkryk van die hemel sou wees. Dit was 'n eenvoudige en regverdige toets wat duidelik

uiteengesit was en boonop in Adam se guns; hy sou geen verskoning kon hê vir ongehoorsaamheid nie.

Tragies genoeg het Adam geval. So het die hele menslike geslag dan ook verteenwoordigend in hom geval. Die gevolg van sy sonde is alles saamgevat in die term "dood" in sy breedste sin. Primêr het dit beteken geestelike dood en verwydering van God, volgens God se dreigement. Adam het nie liggaamlik gesterf voordat hy 930 jaar oud was nie maar hy was geestelik van God vervreemd en het geestelik gesterf die oomblik toe hy gesondig het. Van daardie oomblik af was sy lewe niks anders as 'n onafgebroke mars na die graf nie. Die mens het in hierdie lewe nog nie so ver op die pad van sonde gegaan as satan en die duiwels nie, want hy ontvang steeds baie seëninge deur die algemene genade van God, soos byvoorbeeld gesondheid, welvaart, familie en vriende, die skoonheid van die skepping en hy word steeds omring deur baie invloede wat hom in bedwang hou. Maar hy is op pad. Indien hy nie gekeer word nie sal hy uiteindelik net so algeheel boos soos die duiwels word. In sy gevalle toestand is hy bevrees vir God, probeer van Hom wegvlug en haat Hom letterlik, net soos die duiwels. Indien hy aan homself oorgelaat sou word sal hy vir ewig in daardie toestand bly, want daar staan geskrywe: "Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie." (Romeine 3:10-11). Niks, absoluut niks behalwe 'n magtige, bonatuurlike daad van God, kan hom red uit hierdie toestand nie. Daarom, as hy gered moet word, moet God die inisiatief neem, die straf vir hom dra, hom skoon was van sy skuld en hom in heiligheid en geregtigheid herstel.

Dit is dan ook presies wat God doen. Op soewereine wyse tel Hy 'n mens op uit die koninkryk van satan en plaas hom in die koninkryk van die hemel. Hulle is die uitverkorenes na wie daar sowat 25 keer in die Bybel verwys word. Matteus 24:22: "...maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word." (tydens die vernietiging van Jerusalem). 1 Tessalonisense 1:4: "...omdat ons weet van julle verkiesing, broeders wat deur God bemin word." Romeine 11:7: "...die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard.". Romeine 8:33: "Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God?" 1 Petrus 1:1: "Petrus, 'n apostel van Jesus Christus, aan die vreemdelinge van die verstrooiing...", en baie meer.

Die Bybel vertel ons dat God 'n menigte mense gered het van die straf van hulle sonde. Om dit te kon doen het Christus, die tweede Persoon in die Drie-eenheid, die menslike natuur deur die wonder van die maagdelike geboorte aangeneem, en is in die menslike geslag gebore net soos enige normale kind. God het dus mens geword, een van ons. Jesus het daarna 'n volmaakte sondelose lewe gelei tussen die mense, as die verteenwoordiger van sy mense, en Homself aan sy eie wet onderwerp en aan sy persoon die straf, wat God vir die sonde voorgeskryf het, gedra. In sy sondelose lewe het Hy God se wet, wat Adam oortree het, volmaak onderhou en sodoende volmaakte geregtigheid vir sy mense verdien en daardeur ook die reg vir hulle verdien om die hemel in te gaan. Wat Hy as Persoon van oneindige waarde en waardigheid gely het was 'n regverdige ekwivalent van wat sy mense sou moes ly in 'n ewigheid in die hel. Op dié manier het Hy sy mense bevry van die wet van sonde en dood. Wanneer die vrugte van hierdie verlossingswerk toegepas word op hulle wat deur die Vader aan die Seun gegee is, word gesê dat hulle herskep word deur die Heilige Gees. Dit beteken hulle word geestelik lewend gemaak; hulle word wedergebore.

Paulus verwoord hierdie omvangryke waarheid in die brief aan die Romeine wanneer hy sê:

"Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het ... Maar dit is met die misdaad nie soos met die genadegawe nie; want as deur die misdaad van die één baie gesterf het, veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade van die een mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedig geword.... Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Want

soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word." (Romeine 5:12-19)

Tensy 'n mens daardie kontras tussen die eerste en die tweede Adam raaksien, sal hy nooit die Christelike geloof verstaan nie.

Paulus skryf aan die heiliges wat in Efese was en sê: "En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes..." Hy gaan verder en sê:

"...en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander. Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered — en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus. Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."

(Efesiërs 2:1-10).

In die Christelike teologie is daar drie aparte en onderskeibare dade van toerekening. In die eerste plek is Adam se sonde aan almal van ons, sy kinders, toegereken, met ander woorde dit is geregtelik op ons rekening geplaas sodat ons daarvoor verantwoordelik gehou word en die gevolge daarvan dra. Dit staan in die algemeen bekend as die leerstelling van die Erfsonde. In die tweede plek, en op presies dieselfde manier, is ons sondes aan Christus toegereken sodat Hy die gevolge daarvan gely het. En in die derde plek, word Christus se geregtigheid aan ons toegereken en verseker dit vir ons die toegang tot die hemel. Net so min as wat ons persoonlik skuldig is aan Adam se sonde, net so min is Christus persoonlik skuldig aan ons sonde. Net so is ons ook nie persoonlik verdienstelik vanweë sy geregtigheid nie. In elke geval is dit 'n geregtelike transaksie. Ons ontvang verlossing van Christus op presies dieselfde manier as wat ons veroordeling en ondergang van Adam ontvang het. In elke geval volg die resultaat op die noue eenheidsband tussen die betrokke persone. Om enigeen van die drie stappe te verwerp is om 'n noodsaaklike deel van die Christelike geloof te verwerp.

Ons sien dus dat daar 'n sterk ooreenkoms tussen Adam en Christus is wat betref die verlossing. In die bogenoemde gedeeltes stapel Paulus een frase op die ander en in die proses beklemtoon hy dat ons nie maar net siek of geestelike afkerig is nie, maar geestelik dood is. Christus self het gesê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." (Joh. 3:3). Hy sê verder ook: "Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie." (Joh. 8:43). 'n Onwedergebore persoon kan nie die koninkryk van God sien nie, ook kan hy nie op geestelik-onderskeidende wyse die woorde aangaande dit aanhoor nie. Nog minder kan hy daar ingaan. Aan onself oorgelaat sou ons, net soos die gevalle engele, nooit onself tot God gekeer het nie.

'n Persoon wat geestelik dood is, kan homself net so min geestelik lewe gee as wat 'n persoon wat liggaamlik dood is homself liggaamlik lewe kan gee. Dit vereis 'n bonatuurlike daad van God. Ons kom in God se familie in op presies dieselfde manier as wat ons in ons menslike familie inkom, deur daarin gebore te word. Deur daardie bonatuurlike daad neem God self vir ons, deur sy Heilige Gees, uit die koninkryk van satan en plaas ons in sy geestelike koninkryk deur 'n geestelike wedergeboorte.

Nadat ons eenmaal in God se koninkryk gebore is, kan ons nooit weer ongebore word nie. Aangesien dit 'n bonatuurlike daad geneem het om ons in 'n toestand van geestelike lewe te kry, sou dit nog so 'n daad neem om ons daaruit weg te neem. Daarom die absolute sekerheid dat wedergeborenes, wat dus ware Christene geword het, nooit hulle verlossing kan verloor nie, maar deur God se voorsienige krag deur al die beproewings en moeilikhede van hierdie lewe bewaar sal word en ingebring sal word in die hemelse

koninkryk. "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe." (Joh. 5:24). "Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel" (2 Korintiërs 5:17) "My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie." (Johannes 10:27-29). Dit staan bekend as die leerstelling van die ewige sekerheid of die volharding van die gelowiges.

Hierdie gawe van die ewige lewe word nie aan alle mense geskenk nie, maar alleenlik aan hulle wat God uitverkies het. Dit beteken nie dat enigeen wat gered wil word uitgesluit word nie, want die uitnodiging is: "En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet." (Openbaring 22:17). Die feit bly egter staan dat 'n geestelik dooie persoon nie die wil kan hê om te kom nie. "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek (letterlik 'aansleep') nie." (Joh. 6:44). Slegs hulle wat deur die Heilige Gees geestelik lewend gemaak is, sal ooit daardie wil of begeerte hê. Hulle word in die Skrif die uitverkorenes genoem. In kontras met hulle is daar die ander groep wat ons die nie-uitverkorenes kan noem. Aangaande hulle het Professor Floyd Hamilton, baie gepas, die volgende geskryf:

"AI wat God doen is om hulle alleen te laat en om hulle toe te laat om ongesteurd op hulle pad voort te gaan. Dit is in hulle natuur om sleg te wees en God het dit eenvoudig so voorbestem dat hulle natuur onveranderd gelaat word. Die prentjie wat dikwels geskilder word deur opponente van die Calvinisme, van 'n wrede God wat weier om almal te red wat gered wil word, is 'n growwe karikatuur. God red almal wat gered wil word, maar niemand wil gered word tensy God sy natuur verander het nie."

Christus se Versoening

Hoekom God nie alle mense red nie, terwyl almal tog ewe onverdienstelik is, word ons nie vertel nie. Die offer op Golgota was van 'n Persoon van oneindige waarde en waardigheid en dus is die offer ook van oneindige waarde, ruim genoegsaam om alle mense te red as God dit so wou hê. Tog vertel die Skrif ons dat nie almal gered sal word nie. Ons kan egter sê dat die versoening wat God bewerkstellig het teen geweldige koste vir Homself, sy eie eiendom is en Hy dus die volste reg het om dit te gebruik soos Hy verkies. Geen mens het enige aanspraak op enige deel daarvan nie. Ons word herhaaldelik vertel dat die verlossing deur genade is. Genade is 'n guns wat bewys word aan onverdienstelikes, selfs aan één-verdienstelikes. Indien enige deel van die mens se verlossing aan sy eie goeie werke toegeskryf kon word, sou daar inderdaad 'n verskil tussen mense gewees het en sou diegene wat op die genadegawe gereageer het, met reg die vinger van veragting na die verlorene kon wys en sê: "Julle het dieselfde kans as ek gehad. Ek het aangeneem en julle het geweier, daarom het julle geen verskoning nie." Maar nee! God het dit so beskik dat hulle wat gered word alleen maar ewiglik dankbaar kan wees dat God hulle gered het.

Dit is nie vir ons om te vra hoekom God handel soos wat Hy handel nie, want die Skrif sê vir ons:

"Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie? Of het die pottbakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie? En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei is, verdra het, juis om bekend te maak die rykdom van sy heerlijkheid oor die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei het tot heerlijkheid, ons naamlik wat Hy geroep het, nie alleen uit die Jode nie, maar ook uit die heidene?" (Romeine 9:20-24)

Dit lyk asof slegs die Calviniste die mens se sondeval ernstig opneem. 'n Behoorlike evaluasie van die sondeval en van die mens se huidige hopelose toestand ontbreek in soveel van die denke, lering en prediking van ons dag. Arminianisme fouteer ernstig deur te veronderstel dat die mens genoegsame vermoë besit om hom tot God te wend as hy net wil. Die Calvinis dring daarop aan dat die mens nie bloot siek of ongesteld is, of net die regte aansporing nodig het nie, maar dat hy geestelik dood is en dat die versoening van Christus nie bloot die verlossing 'n abstrakte moontlikheid maak sodat alle mense wat wil hulle na God kan wend nie. Die Calvinis staan daarby dat die versoening 'n objektiewe prestasie is wat in die verlede volbring is, en wat alle wetlike versperrings teen hulle op wie dit toegepas sou word, verwyder het. Dit sou gevolg word deur die werk van die Heilige Gees wat subjektiewelik die verdienste van versoening toepas in die harte van dié mense vir wie dit goddelik bedoel was.

Ons vestig weer die aandag op een van die belangrikste verse in die Skrif aangaande die saak van versoening: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie." (Joh. 6:44). 'n Soortgelyke vers is: "Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie." (Joh. 6:37). Aan die Christene in Korinte het Paulus geskryf. "Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word." (1 Korintiërs 2:14)

Hoe bring God die uitverkorene daartoe om geloof te beoefen? Die antwoord is: Deur die wedergeboorte onderwerp die Heilige Gees die mens se hart aan Homself en maak hom 'n nuwe natuur deelagtig wat geregtigheid liefhet en die sonde haat. Hy dwing nie die mens teen sy wil nie, maar maak hom liefdevol en spontaan gehoorsaam aan sy Wil. Toe die Here Jesus verskyn het aan die verharde vervolger Saulus op die pad na Damaskus, het hy onmiddellik gehoorsaam geword aan die Here se wil. Die Psalmdigter sê: "U volk sal baie gewillig wees op die dag van u krygsmag" (Ps. 110:3). Dus, God gee aan sy mense die wil om te kom. Daardie daad van God in die onderbewuste natuur van die

persoon, staan bekend as vernuwing, of as 'n nuwe geboorte, of om wedergebore te word. Wanneer 'n mens op hierdie manier 'n nuwe natuur gegee word, reageer hy volgens daardie nuwe natuur net soos al God se skepsels. Hy glo dan en doen goeie werke kenmerkend van die bekering, net so natuurlik soos wat die wingerdstok druiwe dra. Soos wat sonde sy natuurlike lewenswyse was, so word heiligheid nou sy natuurlike lewenswyse - nie alles tegelyk nie, want hy het nog oorblyfsels van die ou natuur wat aan hom vasklou, en solank hy in die wêreld bly, is hy nog in 'n sondige omgewing. Maar soos wat sy nuwe natuur vry is om homself uit te druk, groei hy in geregtigheid; hy geniet om God se Woord te lees, om te bid en om gemeenskap met ander Christene te hê.

Ons moet dus kies tussen 'n versoening met 'n hoë doeltreffendheid wat volmaak volbring word, en 'n versoening oor 'n breë front wat onvolkome volbring word. Ons kan nie beide hê nie. As ons beide sou hê, sou daar 'n algemene verlossing wees. Die Arminiaan strek die versoening egter so wyd uit dat dit, wat die wesenlike uitwerking daarvan betref, geen waarde het nie behalwe om te dien as 'n voorbeeld van onselfsugtige diens. Dr. B.B. Warfield het 'n baie eenvoudige illustrasie gebruik om hierdie waarheid uit te beeld. Hy het gesê dat die versoening soos pasteideeg is - hoe wyer jy dit uitrol hoe dunner word dit. Die Arminiaan, deurdat hy dit van toepassing maak op alle mense, verminder die effektiwiteit daarvan tot so 'n mate dat dit vir alle praktiese doeleindes geen versoening meer is nie.

Verder, indien God die sondes van alle mense op Christus sou plaas, sou dit beteken dat Hy diegene wat verlore gaan se sonde tweekeer sou straf; eenkeer in Christus en dan ook weer in hulleself. Dit sou sekerlik onregverdig wees. As Christus hulle skuld betaal het, is hulle vry, en sou die Heilige Gees hulle ongetwyfeld tot geloof en berou bring. Indien die versoening waarlik onbeperk was, sou dit beteken dat Christus gesterf het vir die menigtes wie se lot reeds bepaal is, wat alreeds in die hel was toe Hy gely het. As die versoening bloot die vonnis wat die mens opgelê is, nietig verklaar het, sodat aan die mens 'n nuwe kans gegee sou word om geloof en gehoorsaamheid te beoefen, sou dit beteken dat God hom weer aan dieselfde toets as sy voorvader Adam onderwerp. Daardie tipe toets is egter lank tevore geprobeer en die resultaat is bekend, en dit het boonop in 'n veel meer gunstige omgewing plaasgevind. Die teorie van onbeperkte versoening lei na absurditeit indien ons dit tot sy logiese gevolgtrekking sou voer.

Ons moet onthou dat Christus se lyding in sy menslike natuur, toe Hy daardie ses uur lank aan die kruis gehang het, nie primêr liggaamlik was nie, maar geestelik. Toe Hy uitgeroep het: "My God, my God, waarom het U My verlaat?", het Hy letterlik die angs van die hel gely. Want dit is in wese wat die hel is, skeiding van God en skeiding van alles wat goed en begeerlik is. Sulke lyding is buite ons begripsvermoë. Omdat Hy egter as 'n Goddelik-menslike Persoon gely het, was sy lyding 'n regverdige ekwivalent vir alles wat sy mense sou moes ly gedurende 'n ewigheid in die hel.

Om die waarheid te sê, wen die verlore mens veel meer deur die verlossing in Christus as wat hy deur die val van Adam verloor het. In die menswording het God naamlik letterlik in die menslike geslag ingekom en die menslike natuur op Homself geneem. In sy verheerlikte liggaam behou Christus vir ewig hierdie menslike natuur, en dit is duidelik dat Hy ook die enigste sigbare God is wat ons in die hemel sal sien. Petrus vertel vir ons dat ons "daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur" (2 Pet 1:4); en Paulus sê ons is "erfgename van God en mede erfgename van Christus." (Rom. 8:17). Dink daaraan! Ons het deel aan die Goddelike natuur, ons is erfgename saam met Christus! Watter groter seën kon God moontlik aan ons gegee het? As sodanig is ons die engele se meerderes, want hulle word in die Skrif alleen aangedui as God se boodskappers, sy dienaars.

Uiteindelik word die Arminiaan gekonfronteer met presies dieselfde probleem as die Calvinis - die breëre probleem van waarom 'n God van oneindige heiligheid en mag hoegenaamd sonde toelaat. Met ons huidige vlak van kennis kan ons slegs 'n gedeeltelike antwoord gee. Die Calvinis konfronteer egter daardie probleem en erken die

Bybelse leerstelling dat alle mense hulle regverdige en gunstige geleentheid in Adam gehad het, en dat God nou genadiglik sommiges uit hierdie gevalle geslag red, terwyl Hy andere toelaat om op hulle eie gekose sondige weg te gaan, en sy geregtigheid bevestig deur hulle te straf. Die Arminiane egter, al erken hulle God se voorkennis, het geen verduideliking waarom God doelbewus en vasberade diegene skeep wat Hy weet verlore sal gaan en die ewigheid in die hel gaan deurbring nie.

Betreffende die probleem van boosheid, kan ons sê dat God hierdie wêreld geskep het as 'n teater waarin Hy sy heerlikheid, sy wonderlike eienskappe sou vertoon vir al sy skepsels om te sien en te bewonder - sy Wese, Wysheid, Mag, Heiligheid, Geregtigheid, Goedheid en Waarheid. Hier het ons hoofsaaklik te doen met sy geregtigheid.

God se geregtigheid eis dat goedheid beloon moet word en dat sonde gestraf moet word. Dit is ook net so noodsaaklik dat sonde gestraf moet word as wat dit is dat goedheid beloon moet word. God sou onregverdig wees as Hy een van die twee sou nalaat. Daarom het Hy mense en engele nie geskep as robotte wat outomaties goeie werke sou voortbring soos wat 'n masjien boute of blikkies vervaardig nie, maar geen belonings verdien nie. Hy het hulle geskep as vrye, morele wesens, na sy eie beeld, in Adam voor die val, in staat om te kon kies tussen goed en kwaad. Hy bevestig sy geregtigheid teenoor hulle wat Hy in sy genade besluit het om te red, deur hulle te beloon vir die goeie werke wat gevind word in Christus hulle Verlosser, en wat aan hulle toegereken word, en wat hulle in heiligheid bevestig en hulle tot die hemel toelaat. Hy bevestig ook sy geregtigheid teenoor diegene wat Hy bedoel het om verby te gaan weens hulle gewillige voortgang in sonde.

Eweeneens, as die sonde uitgesluit was, kon daar geen voldoende openbaring van God se mees heerlike eienskappe, naamlik genade, barmhartigheid, liefde en heiligheid wees nie, soos dit vertoon word in sy verlossing van sondaars. Laat ons onthou dat die engele in die hemel hulle saligheid verdien het deur 'n werkeverbond, deur God se wet te onderhou. Soos in Adam se geval is aan hulle sekere belonings belowe as hulle gehoorsaam sou wees. Hulle was gehoorsaam, en is in heiligheid bevestig. Hulle het nie die verlossing deur genade ondervind nie. Daar is 'n ou lied wat sê "Wanneer ek die lied van die verlossing sing, sal die engele hulle vlerke vou en luister." En so sal dit wees in die uiteindelijke kontras tussen die mens en die engele.

Daarom is die verduideliking vir die sonde dat God dit toelaat, maar dit beheer en kragteloos maak ter wille van sy eie verheerliking. As die sonde uit die skepping uitgesluit was, sou daardie heerlike eienskappe van God nooit na behore vertoon kon word voor God se intelligente heelal van mense en engele nie, maar sou dit grootliks verborge gebly het in die dieptes van die Goddelike wese.

God se Voorkennis

Die evangeliese Arminiaan erken dat God voorkennis het en dat Hy daarom toekomstige gebeurtenisse kan voorspel. Maar as God enige toekomstige gebeurtenis vooruit ken, dan is daardie gebeurtenis so vasgestel en so seker asof dit voorbestem is. Voorkennis impliseer sekerheid, en sekerheid impliseer voorbeskikking. Die evangeliese Arminiaan ontken nie dat daar so iets soos die uitverkiesing tot die verlossing is nie, want hy kan nie ontslae raak van die woorde "uitverkorene" en "uitverkiesing" wat sowat vyf-en-twintig keer in die Nuwe Testament voorkom nie. Hy probeer egter om die krag van hierdie woorde te vernietig deur te beweer dat die uitverkiesing op voorkennis berus, dat God langs die wye weg van die toekoms af kyk en sien wie sou reageer op sy genadige aanbod, en hulle dan uitverkies.

Deur voorkennis te erken, maak die Arminiaan 'n noodlottige toegewing. Figuurlik gesproke sny hy sy eie keel af, vir die eenvoudige rede dat as God vooruit sien wie gered gaan word, sien Hy ook wie verlore gaan! Hoekom skeep Hy dan die mense wat Hy vooruit weet, verlore sal gaan? Hy is sekerlik nie onder enige verpligting om hulle te skeep nie. Daar is geen mag buite Homself wat Hom dwing om so te handel nie. Indien Hy alle mense wil red en ernstig probeer om almal te red, kon Hy ten minste Homself daarvan weerhou het om hulle te skeep wat sekerlik verlore sal gaan as hulle geskep sou word.

Die Arminiaan kan nie konsekwent vashou aan God se voorkennis en steeds die leerstellings van die uitverkiesing en die voorbestemming ontken nie. Die vraag bly staan, Hoekom skeep God daardie mense wat Hy weet hel toe sal gaan? Dit sou blote dwaasheid wees van Hom om diegene te probeer red, wat Hy weet verlore sal gaan. Dit sou beteken dat God téén Homself werk. Selfs 'n mens het beter insig as om iets te probeer doen wat hy weet hy nie wil of kan doen nie. Die Arminiaan het geen alternatief as om die voorkennis van God te ontken nie - en dan het hy maar 'n beperkte, onkundige en eindige God wat in die ware sin van die woord nie regtig God is nie. Indien uitverkiesing op voorkennis berus, maak dit dit so betekenisloos dat dit eerder verwarrend as verliggend is. Selfs wat die uitverkorenes betref is daar geen sin daarin dat God diegene uitverkies wat hulleself gaan uitverkies nie. Dit sou tog pure onsin wees.

Universalistiese Skrifgedeeltes

Waarskynlik die aanneemlikste verdediging vir Arminianisme word gevind in die sogenaamde universalistiese skrifgedeeltes. Die drie wat die meeste aangehaal word is: 2 Pet. 3:9, "Die Here verdraag nie die belofte soos sommige dit verdraag ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom." 1 Tim. 2:4, [God ons verlosser] "wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom" en 1 Tim 2:5-6, "Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal."

Met verwysing na hierdie verse moet ons in gedagte hou, soos reeds tevore gesê, dat God die absolute soewereine Heerser oor hemel en aarde is en dat ons nooit aan Hom moet dink asof Hy sou begeer of daarna sou strew om iets te doen wat Hy weet dat Hy nie wil doen nie. Vir Hom om anders te handel sou beteken dat Hy dwaas optree. Aangesien die Skrif vir ons sê dat sommige mense verlore sal gaan, kan 2 Pet. 3:9 nie beteken dat God ernstig begeer of daarna strew om elke individuele mens te red nie. As dit sy wil was dat alle mense gered moet word, sou nie 'n enkele siel verlore gegaan het nie, "want wie het sy wil weerstaan?" (Rom. 9:19).

Hierdie verse leer slegs dat God weldadig is, en dat Hy nie behaer het in die lyding van sy skepsels nie - net soos wat 'n menslike vader nie behaer het in die straf wat hy sy seun soms moet toedien nie. Die woord "wil" het verskillende betekenisse in die Skrif, net soos in ons alledaagse gesprekke. Dit word soms gebruik in die sin van "begeer" of "wens" en soms in die sin van "gebod" of "doel". 'n Regverdige regter wil (begeer) nie dat enigeen gehang moet word of tronkstraf moet kry nie, maar hy wil (spreek die vonnis uit) dat die skuldige persoon gestraf moet word. Op dieselfde manier en met genoeg rede mag 'n mens wil hê dat 'n ledemaat of oog verwyder word, hoewel hy dit sekerlik nie begeer nie.

Arminiane dring daarop aan dat in 2 Pet. 3:9 die woord "almal" verwys na alle mense sonder uitsondering. Dit is egter belangrik om eers te kyk aan wie daardie woorde gerig was. In die eerste vers van Hoofstuk 1 sien ons dat die brief nie gerig word aan die hele mensdom nie, maar aan Christene: "Aan dié wat ... dieselfde kosbare geloof as ons ontvang het." Ook in 'n voorafgaande vers (2 Pet. 3:1) spreek Petrus hulle aan as "geliefdes". Ons vind ook as ons die hele vers bestudeer, en nie net die tweede helfte nie, dat dit nie primêr 'n verlossingsvers is nie maar 'n vers wat dui op die tweede koms van Christus! Dit begin deur te sê. "Die Here verdraag nie die belofte... " (enkelvoud). Watter belofte? Vers 4 sê vir ons: "...belofte van Sy wederkoms". Die verwysing is na sy tweede koms, wanneer Hy sal kom om te oordeel, en die goddelose sal vergaan in die poel van vuur. Die vers verwys na 'n beperkte groep. Dit sê God is "lankmoedig oor ons" - sy uitverkorenes, waarvan baie nog nie wedergebore is nie, en wat dus nog nie tot bekering gekom het nie. Daarom kan ons vers 9 met reg soos volg lees: "Die Here verdraag nie die belofte soos sommige dit verdraag ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige van ons moet vergaan nie, maar dat almal van ons tot bekering moet kom."

Wat 1 Tim. 2:4-6 betref "wat wil hê dat alle mense gered word ... wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal", is dit skaars nodig dat ons daarop wys dat die woorde "alle" en "almal" verskillende betekenisse in die Skrif het. Dikwels beteken dit nie "almal sonder uitsondering" nie, maar "almal sonder onderskeid" - Jode en nie-jode, slawe en vry mense, mans en vrouens, ryk en arm. In 1 Tim. 2:4-6 word dit duidelik ook in hierdie sin gebruik. Oor baie eeue heen was die Jode, met min uitsonderings, die uitsluitlike ontvangers van God se reddende genade. Hulle het die mees nasionalistiese en die onverdraagsaamste nasie in die wêreld geword. In plaas daarvan dat hulle besef het dat hulle God se verteenwoordigers voor alle mense in die wêreld was, het hulle die seëninge vir hulleself opgeëis. Selfs die vroeë Christene was vir 'n tyd geneig om die sending van die Messias vir hulleself alleen toe te eien. Die verlossing van die nie-jode was 'n misterie wat nie bekend was in ander tydperke nie. (Efesiërs 4:6, Kolossense

1:27). So streng was die eksklusiwisme van die Farisiërs dat die nie-Jode bekend was as onrein, eenvoudige sondears uit die heidene, selfs honde; dit was ook nie wettig vir 'n Jood om gemeenskap te hou, of enige transaksies aan te gaan met 'n nie-jood nie. (Johannes 4:9, Handeling 10:28, 11:3). Nadat 'n ortodokse Jood by die mark kontak gehad het met 'n nie-Jood is hy beskou as onrein. (Markus 7:4). Nadat Petrus vir die Romeinse offisier Kornelius en die ander wat in sy huis vergader het, gepreek het, is hy streng aangespreek deur die kerk in Jerusalem, en ons kan amper die mense van verwondering na hulle asem hoor snak wanneer Petrus vir hulle vertel wat gebeur het. Hulle het gesê: "So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk." (Handeling 11:18). Gevolglik was hierdie 'n waarheid wat in die besonder nodig was om te beklemtoon in hierdie tyd en dit is in die sterkste moontlike terme gedoen. Paulus sou vir "alle mense 'n getuie wees", met ander woorde nie teenoor elke individu in die wêreld nie, maar teenoor sowel die Jode as die nie-jode. In hierdie sin verwys "alle" dus nie na individue nie maar bloot na die mensdom in die algemeen.

Wanneer daar van Johannes die Doper gesê is: "En die hele Joodse land en die inwoners van Jerusalem het uitgegaan na hom toe, en almal is deur hom gedoop in die Jordaanrivier met belydenis van hulle sondes." (Markus 1:5), weet ons dat nie elke individu so gereageer het nie. Ons lees dat, nadat Petrus en Johannes die verlamde man by die deur van die tempel genees het, "almal God verheerlik (het) oor wat gebeur het." (Handeling 4:21). Jesus het aan sy dissipels gesê: "En julle sal gehaat wees deur almal ter wille van my Naam." (Lukas 21:17). Toe Jesus gesê het: "En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek." (Johannes 12:32), het Hy sekerlik nie bedoel dat elke individu in die mensdom so nader getrek sou word nie. Wat Hy wel bedoel het, was dat Jode en nie-Jode, mense vanuit alle nasies en rasse na Hom toe getrek sou word. En dit is wat ons in der waarheid sien gebeur.

In 1 Korintiërs 15:22 lees ons: "Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word." Hierdie vers word dikwels deur Arminiane aangehaal om onbeperkte en universele verlossing te bewys. Hierdie vers kom uit Paulus se bekende opstandingshoofstuk en uit die skrifverband is dit duidelik dat hy nie praat oor hierdie lewe, hetsy liggaamlik of geestelik nie, maar oor die opstandingslewe. Christus is die eerste om die opstandingslewe in te gaan, en wanneer Hy kom sal sy mense ook die opstandingslewe ingaan. Wat Paulus dus sê is dat daar op daardie tydstip 'n glorieryke opstandingslewe 'n werklikheid sal word, nie vir die hele mensdom nie, maar vir almal wat in Christus is. Hierdie punt word ook geïllustreer deur die welbekende feit dat die geslag in Adam, wat die verbondshoof en verteenwoordiger daarvan was, geval het. Wat Paulus in effek sê is dit: "Soos almal wat in Adam gebore is, sterwe, so sal almal wat in Christus weergebore is, lewe." Vers 22 verwys dus nie na die verlede nie, en ook nie na die hede nie, maar na die toekoms en het geen betrekking hoegenaamd op die strydvraag tussen Calvinisme en Arminianisme nie.

Twee ander verse wat ook dikwels ter verdediging van Arminianisme aangehaal word, is: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My." (Openbaring 3:20) en "En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet." (Openbaring 22:17). Hierdie algemene uitnodiging word aan almal gerig. Dit mag die manier wees, en is ook dikwels die manier, waarop die Heilige Gees sekere individue opwek om verlossing te begeer wanneer Hy sy bonatuurlike krag gebruik om hulle nuut te maak. Hierdie verse, afsonderlik beskou, laat egter na om uit te wys, wat reeds tevore in hierdie geskrif beklemtoon is, dat die gevalle mens geestelik dood is en dat hy as sodanig geheel en al net so min in staat is om op die uitnodiging te reageer as wat die gevalle engele of duiwels is. Die gevalle mens is geestelik net so dood as wat Lasarus liggaamlik dood was totdat Jesus met 'n harde stem uitgeroep het: "Lasarus, kom uit!" en hom die krag gegee het om dit te doen. By 'n ander geleentheid het Jesus aan die Fariseër Nikodemus gesê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer [of van bo] gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." (Johannes 3:3). Hy het ook aan die Fariseërs gesê: "Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle

na my woord nie kan luister nie." (Johannes 8:43). Sonder daardie Goddelike bystand kan niemand die uitnodiging hoor nie of die wil voortbring om na Christus te kom nie.

Die uitspraak dat Christus vir "almal" gesterf het word duideliker gemaak deur die lied wat die verlostes voor die troon van die Lam sing: "U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie." (Openbaring 5:9). Die woord "almal", moet dikwels verstaan word dat dit beteken al die uitverkorenes, sy hele kerk, hulle almal wat die vader aan die Seun gegee het soos wanneer Christus sê: "Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom." (Johannes 6:37), maar nie alle mense in die algemeen of elke mens individueel nie. Die verlostes sal saamgestel word uit mense vanuit alle klasse en lewensterreine, prinse en plaasarbeiders, rykes en armes, slawe en vry mense, mans en vrouens, Jode en nie-Jode, mense vanuit alle nasies en rasse. Dit is die ware universalisme van die Skrif.

Die Twee Stelsels Vergelyk

Ons het gesê dat Christenskap op sy beste tot uitdrukking kom in die Gereformeerde geloof. Die groot voordeel van die Gereformeerde geloof is dat dit binne die raamwerk van die Vyf Punte van die Calvinisme duidelik uiteensit wat die Bybel leer in verband met die weg tot verlossing. Alleen wanneer hierdie waarhede gesien word as 'n eenheid, en in verhouding met mekaar, kan 'n mens die Christelike geloof werklik verstaan en waardeer in sy volle krag en skoonheid. Die rede hoekom so baie Christene se geloof swak is, en so baie kerke 'n oppervlakkige vorm van die Christelike geloof verkondig, is omdat hulle nooit regtig die stelsel in sy logiese konsekwenheid sien nie. Dit is nie genoeg vir die belydende Christen om te weet dat God hom liefhet en dat sy sondes vergewe is nie. Hy moet ook weet hoe en hoekom sy verlossing bewerkstellig is en hoe dit doeltreffend gemaak is. Dit word sistematies uiteengesit in die Vyf Punte van die Calvinisme. Histories word die Vyf Punte van die Calvinisme onderskryf deur die Presbiteriaanse en Gereformeerde kerke en deur baie Baptiste, terwyl die inhoud van die Vyf Punte van die Arminianisme onderskryf word deur Metodistiese en Lutherse kerke en ook deur baie Baptiste.

Die volgende tabel is geneem uit: "Romans, an Interpretive Outline" deur David N Steele en Curtis Thomas, Baptiste Predikante in Little Rock, Arkansas. Dit kontrasteer die Vyf Punte van die Calvinisme met dié van die Arminianisme op die mees duidelike en kompakte wyse wat ons nog op enige plek kon vind. Dit word ook ingesluit as aanhangsel in "The Reformed Doctrine of Predestination", deur Loraine Boettner. Albei die boeke is verkrygbaar van die Presbyterian and Reformed Publishing Company, Phillipsburg, New Jersey.

ARMINIANISME	CALVINISME
<p>1. Die Vrye Wil of Menslike Vermoë</p> <p>Alhoewel die mens se natuur ernstig aangetas is deur die sondeval, is die mens nie in 'n toestand van totale geestelike hulpeloosheid gelaat nie. God stel genadiglik elke sondeur in staat om hom te bekeer en te glo, maar Hy doen dit op 'n manier wat nie inmeng met die mens se vryheid nie. Elke sondeur het 'n vrye wil, en sy ewige lot hang af van hoe hy dit gebruik. Die mens se vryheid bestaan daarin dat hy die vermoë het om goed bo sleg te kies wat geestelike sake betref. Sy wil is nie die slaaf van sy sondige natuur nie. Die sondeur het die vermoë om of met God se Gees saam te werk en vernuwe te word of om God se genade te weerstaan en verlore te gaan. Die verlore sondeur het die Gees se hulp nodig, maar dit is nie nodig dat die Gees hom vernuwe voordat hy kan glo nie. Geloof is die mens se aksie en gaan die wedergeboorte vooraf. Geloof is die sondeur se geskenk aan God; dit is die mens se bydrae tot sy redding.</p>	<p>1. Totale Verdorwenheid</p> <p>As gevolg van die val van Adam is die mens nie uit homself in staat om die Evangelie tot sy redding te glo nie. Die sondeur is geestelik dood, blind en doof vir die dinge van God. Sy hart is bedrieglik en wanhopig verdorwe, sy wil is nie vry nie maar is verslaaf aan sy sondige natuur. Hy is geestelik net so dood en vervreemd van God as die gevalle engele, "En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes " (Efesiërs 2:1). Daarom sal hy nie – inderdaad kan hy nie – op geestelike gebied goed bo sleg kies nie. Gevolglik is meer as net die Gees se hulp nodig om die sondeur na Christus te bring – dit verg die wedergeboorte waardeur die Gees 'n sondeur vanuit geestelike dood na geestelike lewe bring en aan hom 'n nuwe natuur gee. Johannes 3:7 sê: "...julle moet weer gebore word..." Geloof is nie iets wat die mens bydra tot sy redding nie, maar is self deel van God se gawe van verlossing - dit is God se geskenk aan die sondeur, nie die sondeur se geskenk aan God nie. "Want uit genade is julle gered, deur die</p>

	<p>geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.. (Efesiërs 2:8-9)</p>
<p>2. Voorwaardelike Uitverkiesing</p> <p>God se uitverkiesing van sekere mense tot verlossing voor die skepping van die wêreld was gebaseer op sy voorkennis van wie sou antwoord op sy roepstem en wie nie. Hy het slegs diegene uitverkies wat Hy geweet het uit hulleself vrylik die Evangelie sou glo. Uitverkiesing word daarom bepaal deur of is afhanklik van wat die mens sou doen. Die geloof wat God vooruit gesien het en waarop Hy sy verkiesing gebaseer het, is nie deur God aan die sondaar gegee nie, maar was alleenlik die gevolg van die mens se wil. (Dit is dus nie deur die wederbarende krag van die Heilige Gees geskep nie.) Dit was ten volle aan die mens oorgelaat om te glo, en daarom ook wie uitverkies sou word tot verlossing. God het diegene uitverkies wat Hy geweet het uit hulle eie vrye wil vir Christus sou kies. Daarom is die mens se keuse vir Christus die uiteindelijke rede vir sy verlossing en nie God se uitverkiesing van die sondaar nie.</p>	<p>2. Onvoorwaardelike Uitverkiesing</p> <p>God se uitverkiesing van sekere mense tot verlossing, voor die skepping van die wêreld berus alleenlik op sy soewereine wil. Sy keuse van spesifieke sondaars berus nie op enige vooruitgesiene reaksie of gehoorsaamheid, bekering ens. aan hulle kant nie. Inteendeel, God skenk geloof en bekering aan elke sondaar wat Hy uitverkies het. Hierdie daad is dus die resultaat; en nie die oorsaak nie, van God se keuse. Uitverkiesing is dus nie bepaal deur of afhanklik van enige goeie hoedanighede of daad wat in die mens vooruitgesien is nie. Diegene wat op soewereine wyse deur God uitverkies is, bring Hy ook deur die werk van die Heilige Gees tot 'n gewillige aanvaarding van Christus. Daarom is God se keuse van die sondaar, en nie die sondaar se keuse vir Christus nie, die grondliggende rede vir verlossing.</p>
<p>3. Algemene Verlossing</p> <p>Christus se verlossende werk het dit moontlik gemaak vir almal om gered te word. Dit het egter nie enigiemand se redding verseker nie. Hoewel Christus vir alle mense en vir elke mens gesterf het, word net hulle wat in Hom glo gered. Sy dood het God in staat gestel om sondaars te vergewe op voorwaarde dat hulle glo, maar dit het nie werklik enigiemand se sondes weggeneem nie. Christus se verlossing word doel treffend slegs wanneer die mens besluit om dit te aanvaar.</p>	<p>3. Beperkte Verlossing</p> <p>Christus se verlossende werk was net bedoel om die uitverkorenes te red en het inderdaad hulle verlossing verseker. sy dood was die plaasvervangende verduur van die straf op die sonde van sekere gespesifiseerde sondaars. Christus se verlossingswerk het nie net die sondaar se sondes weggeneem nie, maar het ook alles wat nodig is gedoen om sy saligheid te verwerf, insluitende die geloof wat die sondaar met Hom verenig. Die gawe van die geloof word onfeilbaar deur die Heilige Gees toegepas op hulle vir wie Christus gesterf het en daardeur word hulle verlossing gewaarborg.</p>

<p>4. Die Heilige Gees kan effektief teengestaan word</p> <p>Die Heilige Gees roep almal innerlik wat uiterlik geroep is deur die uitnodiging van die Evangelie. Hy doen alles wat Hy kan om die sondaar tot redding te bring. Maar weens die mate waarin die mens vry is, kan hy die Heilige Gees se oproep suksesvol weerstaan. Die Gees kan nie die mens vernuwe tensy hy glo nie. Geloof (die mens se bydrae) gaan die wedergeboorte vooraf en maak dit moontlik. Op hierdie manier beperk die mens se vrye wil die Heilige Gees in die toepassing van Christus se verlossingswerk. Die Heilige Gees kan net diegene na Christus toe trek wat Hom toelaat om sy sin met hulle te kry. Die Gees kan nie I ewe gee voordat die sondaar reageer nie. God se genade is dus nie onweerstaanbaar nie, dit kan en word ook dikwels weerstaan en gedwarsboom deur die mens.</p>	<p>4. Onweerstaanbare genade</p> <p>Behalwe vir die algemene uiterlike oproep tot verlossing wat aan almal gerig word wat die evangelie hoor, rig die Heilige Gees aan die uitverkorenes 'n spesiale innerlike oproep wat hulle onvermydelik tot redding bring. Die uiterlike oproep (wat aan almal sonder onderskeid gerig word) kan en word ook dikwels verwerp. Die innerlike oproep (wat net aan die uitverkorenes gerig word) kan daarenteen nie verwerp word nie, maar eindig altyd in bekering. Deur middel van hierdie spesiale oproep trek die Heilige Gees op onweerstaanbare wyse sondaars na Christus toe. Hy word nie deur die mens se vrye wil beperk in sy verlossingswerk nie, en Hy is ook nie afhanklik van die samewerking van die mens om sukses te behaal nie. Die Gees beweeg die uitverkore sondaar genadiglik tot samewerking, geloof en berou en om vrylik en gewilliglik na Christus te kom. God se genade is dus onweerstaanbaar; dit eindig altyd in die verlossing van diegene tot wie dit gerig word.</p>
<p>5. Die Verval uit die Genade</p> <p>Diegene wat glo en waarlik gered is, kan, en dit gebeur ook met sommige, dat hulle hulle redding verloor deur nie hulle geloof en goeie werke vol te hou nie. Alle Arminiane stem ook nie oor een oor hierdie saak nie. Sommiges glo dat die qelowiges ewige sekerheid in Christus het en dat 'n sondaar wat eenmaal wedergebore is, nooit weer verlore kan gaan nie</p>	<p>5. Volharding van die Gelowiges</p> <p>Almal wat deur God uitverkies is, deur Christus verlos is en aan wie die Heilige Gees geloof geskenk het, is vir ewig gered. Hulle word in die geloof gehou deur die krag van die Almagtige God en volhard daarom tot die einde toe.</p>
<p><u>VOLGENS ARMININISME:</u></p> <p>Verlossing word bewerkstellig deur die gesamentlike pogings van GOD, wat die inisiatief neem, en die MENS, wat moet reageer, met die mens se reaksie die bepalende faktor. God voorsien verlossing aan almal, maar dit word slegs doeltreffend wanneer die mens uit vrye wil "kies" om met Hom saam te werk en sy aanbod van genade aan te neem. By die kritieke punt speel die mens se wil die beslissende rol, die MENS, en nie God nie, bepaal dus wie die ontvangers van verlossing sal wees.</p>	<p><u>VOLGENS CALVINISME:</u></p> <p>Verlossing word bewerkstellig deur die almag van die drie-enige God. Die Vader het mense uitverkies, die Seun het vir hulle gesterf en die Heilige Gees maak Christus se dood doeltreffend deur die uitverkorenes tot geloof en berou te bring, sodat hulle gewilliglik die Evangelie gehoorsaam. Die hele proses (uitverkiesing, verlossing en wedergeboorte) is die werk van God en is uit genade alleen. Sodoende bepaal GOD, en nie die mens nie, wie die ontvangers van die gawe van verlossing sal wees.</p>